



RMBH koop belang in Atterbury

Elvira Wood

Johannesburg. – Rand Merchant Bank Holdings (RMBH) gaan ’n 25,01%-belang in die eiendomsmaatskappy Atterbury koop, het die partye Dinsdag in ’n verklaring bekend gemaak.

Die transaksie is onderhewig aan goedkeuring van die Mededingingskommissie.

Atterbury besit onder meer ’n 20%-belang in Waterfall City en die nuwe Mall of Africa in Midrand.

Attacq besit die ander 80%-belang in die ontwikkeling.

Dit is die eerste keer dat RMBH sy beleggingsportefeulje uitbrei nadat hy tot dusver slegs in FirstRand belê het.

Atterbury gaan, luidens die verklaring, RMBH se primêre ontwikkelingsvennoot word en spesifiek op groter eiendomsontwikkelings in Suid-Afrika fokus.

Die groep beplan om eiendomsbeleggings in fases aan te pak.

“Ons nuwe eiendomsbeleggingstrategie bied ons die geleentheid om meer waarde aan ons beleggers te bied, sowel as om ons risiko te versprei. Ons strategie gaan onder meer be-

hels om in fisieke eiendom, sowel as eiendomsmaatskappye, te belê,” sê Herman Bosman, uitvoerende hoof van RMBH.

Hoewel Atterbury self nie genoteer is nie, was hy betrokke by die skep van Attfund wat in 2011 deel van Hyprop geword het. Hy het ook Attacq in 2005 geskep en het ’n groot aandeel gehad in dié se notering in 2013.

RMBH beoog om sy belegging in Atterbury deur middel van voorkeuraandele te finansier.

RMBH se aandeelprys het gister 4,7% laer gesluit op R55,38.